Dr André Kilian
Niks kan ons van die liefde van God skei nie

Wanneer laas was jy regtig alleen? Dalk was jy eensaam met – 'n spesifieke gevoel wat jy vir niemand kan verduidelik nie, 'n verantwoordelikheid vir iets wat jy alleen neem, 'n besluit wat jy alleen moet maak. Elkeen van ons het ervaringe van eensaamheid en alleenheid.

Eensaamheid is die melaatsheid van ons tyd het wyle moeder Theresa gesê.

Lees Romeine 8: 37-39

Hoe hoor ek God terwyl ek alleen is…

God praat met ons deur liefde en ons hoor God en beleef God deur liefde. Maar hoe hou God se liefde ons vas in ons eensaamheid? Sodat ons nie heen en weer geskeur word deur die geraas van die wêreld nie, maar soms na die wêreld te kyk vanuit 'n stil, vredevolle binnekant – solitude.

Rom 8: 38&39 – niks kan jou skei van die liefde van God nie.

Romeine 8 is die basis van 'solitude". Hierdie wisselwerking tussen eensaamheid esolitude is 'n lewenslange proses.

"Our contentment lies not in His presents, but in the Presence of the One who's presents they are."

Want al is ek in God se teenwoordigheid alleen sal ek nooit eensaam wees nie!

Vrae vir die week:

Waar voel jy op die oomblik eensaam?

Waar kan jy juis jouself dwing om alleen in God se teenwoordigheid te bly sit en nie te gryp na die geraas van die wêreld nie?

Is jy bewus van iemand wat alleen is wat jy kan kontak?

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...